No 9 - 2024] FIRST SESSION, SEVENTH PARLIAMENT

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

========================

THURSDAY, 19 SEPTEMBER 2024

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Speaker made a general announcement regarding the logistical arrangements for the sitting taking place.

4. [14:18] Interpellations.

5. [15:00] Mr M K Sayed moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   The proposal was therefore not adopted.

6. [15:01] Questions.

7. [16:02] Statements by Members.

8. [16:32] Response to statements by Members by Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness, Mr R D Mackenzie, Minister of Cultural Affairs and Sport and Ms D M Baartman, Minister of Finance.

9. [16:37] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

   The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

10. [16:38] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

11. Mr D G Jacobs moved without notice: That the House raises to dip its flame as we mourn the untimely demise of Cape Town and world-renown music maestro, Alvin Dyers; notes that Uncle Alvin, as he was affectionally known, passed away on Sunday 8 September, at the age of 71; notes that jazz lovers will remember him with affection, especially for tunes coming from the Alvin Dyers Trio; notes that South Africa and Cape Town has lost a true son of the soil; and sends condolences to the family and friends of this jazz icon.

    Agreed to.

12. Mr G Brinkhuis moved without notice: That the House notes that struggle icon Ms Elizabeth van der Heyden, also fondly known as Ma Betty, has passed away at the age of 88 at the end of August 2024 at her Gleemoor home in Athlone; further notes that she passed away a few days before her 89th birthday in September; further notes that she was the only South African female who served a full 10 years' imprisonment sentence for conspiracy to overthrow the former apartheid regime; recognises that she was a member of the New Unity Movement (NEUM) who later joined the Yu Chi Chan Club and the National Liberation Front, which engaged in guerilla warfare against the apartheid regime; further recognises that she worked closely with other revolutionaries, such as Dr Neville Alexander, Frank van der Horst, Dorothy Alexander and Dulcie September; recognises her contribution to liberate South Africa from apartheid and colonialism; and sends a message of condolences to the Van der Heyden family.

    Agreed to.

13. Mr G Bosman moved without notice: That the House expresses its condolences on the passing away of Dr James Matthews; further notes that Dr Matthews was a wonderfully talented and inspiring poet and journalist whose work spoke truth to power during apartheid through both his literary work and staunch anti-apartheid activism; notes that he was the recipient of a national honour, the Order of Ikhamanga (Silver), in December 2004, for his excellent achievements in literature, contributing to journalism and his inspirational commitment to the struggle for a non-racial South Africa; further notes that Dr Matthews received numerous other awards during his lifetime, including the Woza Afrika Award in 1978, he was named to the Kwaza Honours List at the Black Arts Celebration in Chicago in 1979, and was recognised as a Freeman of the towns of Lehrte and Nienburg, Germany, in 1982; and sends its best wishes to Dr Matthews's family and friends during this difficult time.

    Agreed to.

14. Mr T C R Walters moved without notice: That the House congratulates the Oakdale Agricultural High School on its recent victory at the International Tug of War Federation's World Championships in Mannheim, Germany; notes that, despite fierce opposition from countries around the world, the 560 kg team won its third consecutive world title; and notes this outstanding achievement and congratulates the team on its great performance on the world stage.

    Agreed to.

15. Mr F C Christians moved without notice: That the House welcomes advances in technology and condemn crime in the strongest terms; notes that ever-present crime has diminished the convenience of ATMs; notes that most ATMs are situated in shopping malls where there is a sense of security; notes that ATM fraud is an ever-present threat; notes that many unsuspecting victims have had their accounts emptied by fraudsters (I am sure that all of us know of someone who has fallen victim to unscrupulous scammers and some people are robbed in shopping mall parking lots of the withdrawal they have made at the ATM); notes that cash-in-transit heists, particularly of vehicles that serve ATMs, raise the fear factor of withdrawing cash; notes that, because of this, some clients withdraw cash when shopping at supermarkets; notes that contributing factors for the decline in ATM numbers are sporadic violence and ATM bombings; notes that some banks do not replace ATMs that have been bombed; notes that over the past five years major banks have closed ATMs across the country; notes that this is largely due to a reduced demand for cash in

transactions; notes that the number of ATMs country-wide has declined from 33 171 in 2019 to 28 967 in 2023/24; notes that Absa, that had the most ATMs in 2019, had closed almost 3 500 of its ATMs; notes that Standard Bank reduced its ATMs from 9 321 to 6 232 over the last five years; notes that the closure of ATMs in our country will escalate exponentially as crime increases; notes that crime robs our nation of the peace that is promised to us by our God; and prays with all like-minded citizens that crime will be eradicated through our unity against crime.

Agreed to.

16. Ms A Cassiem moved without notice: That the House notes that on Tuesday 17 September 2024 a train derailed in Paarl carrying between 300 to 400 passengers where 25 of those passengers sustained moderate to serious injuries; further notes that some passengers complained that throughout its journey from Cape Town and destined for Wellington the train kept making unusual loud sounds in between its carriages signalling that something was not right; further calls on the Passenger Railway Agency of South Africa (Prasa) and Transnet to remove all old and ageing yellow trains from its fleet and to make sure that the rail lines are properly maintained at all times for the safety of our people; wishes a speedy recovery to all injured passengers who are still recovering in various hospitals, as well as those who were discharged; and calls for a thorough investigation with regard to the cause of the accident, and for those responsible to be held accountable.

Agreed to.

17. Mr D W Bryant moved without notice: That the House notes the positive steps being taken to establish an African penguin colony in the De Hoop Nature Reserve; further notes that the African penguin is an endangered species and that it is under severe threat of extinction; notes that the African penguin is a big tourist attraction among eco-tourists; and urges all South African nature authorities to prioritise efforts to save this indigenous and rare penguins from extinction.

Agreed to.

18. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House notes with deep sadness the accident that occurred on Tuesday 17 September 2024 in Dal Josafat, Paarl, where a commuter train derailed, resulting in several commuters sustaining injuries and others being trapped in the train coaches; commends the emergency services for their swift and efficient response, as well as the dedication of the healthcare workers at the Paarl District Hospital and other medical facilities who are providing care to the injured; extends heartfelt wishes for a speedy recovery to all affected commuters; and calls on the Railway Safety Regulator to conduct a thorough investigation into the circumstances leading to this accident, focusing mainly on uncovering the root causes of the accident to prevent future occurrences and to ensure the safety of all rail commuters.

Agreed to.

19. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes that on 12 September 2024 a well-coordinated intelligence-driven operation conducted by the SAPS Maitland Flying Squad, in collaboration with Provincial Crime Intelligence, the Stock Theft Unit and the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries, resulted in the confiscation of 3 281 units of dry abalone and 1 359 units of wet abalone, with a combined estimated street value of R1,4 million and the arrest of four suspects aged between 19 and 33 in Schaapkraal, Philippi; appreciates that the successful seizure of the abalone, along with the equipment used for its processing, as well as three vehicles, demonstrates the effective and dedicated efforts of SAPS members in combating illegal activities; and welcomes these arrests and

extends our commendations to the SAPS for their diligent work and their commitment to addressing and disrupting illegal practices in our communities.

Agreed to.

20. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes with deep concern the recent surge in criminal activities in the Table Mountain National Park (TMNP), including muggings on hiking trails, break-ins and theft from vehicles, which have negatively impacted the park's reputation and raised alarms about public safety; further notes that the incidents of crime have become more frequent in 2023 and 2024, affecting both local visitors and international tourists, and posing a significant risk to Cape Town's global image as a safe and welcoming destination; recognises the vital role of the TMNP in the local economy, with SANParks, the managing authority, earning approximately R300 million annually from park activities and events, including from events such as the RMB Ultra-trail Cape Town scheduled for 22 to 24 November 2024, which bring significant economic benefits, including an estimated R50 million boost to the local economy; and calls on the provincial government, the City of Cape Town and SANParks to take immediate and visible action to address the increase in crime, to enhance communication about safety measures and to ensure the effective implementation of security improvements.

Agreed to.

21. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes the decision by the Western Cape Education Department (WCED) to impose sanctions of a "restorative nature" on the learners involved the recent incident at the Pinelands High School where a video surfaced depicting coloured learners "selling off" their African peers as "slaves"; further notes and welcomes this approach, which includes participation in workshops, learning programmes and community service, with the aim to foster a deeper understanding of the incident's impact and to promote personal growth; appreciates that the sanctions have been supported by the parents and learners involved, including the victims, and that the school has demonstrated a commitment to promoting non-racialism and diversity; supports the use of restorative justice measures as a means to address and rectify instances of racial misconduct, and endorsing continued efforts to educate learners on the importance of respect and diversity; and encourages the ongoing dialogue and education in schools and communities to prevent future incidents of racism and to promote a culture of inclusivity and understanding.

Agreed to.

22. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes and welcomes the recent joint inspection operation carried out at the Babel Restaurant in Menlyn and Ocean Basket, which revealed both establishments owe their workers over R1,3 million in unpaid wages, and the serious non-compliance with the National Minimum Wage Act and other employment regulations; condemns in the strongest terms the gross violations of labour laws and the exploitation of workers by the Babel Restaurant and Ocean Basket, including failure to pay minimum wages, non-compliance with UIF and Compensation Fund regulations, and abusive employment practices; commends the Directorate of Priority Crime Investigation (the Hawks), the Department of Labour, the Department of Home Affairs and the Bargaining Council for their decisive action in uncovering these violations and their commitment to holding the offending employers accountable; while recognizing Ocean Basket's public statement refuting these reports, urges that both the Babel Restaurant and Ocean Basket be compelled to pay immediately all outstanding wages owed

to their workers and to rectify all non-compliance issues by adhering to minimum wage laws and other employment regulations; encourages all Western Cape workers who experience unfair labour practices to report such incidents and to come forward and report these matters to the nearest Department of Labour and ANC public representatives so that their complaints can be taken seriously and addressed urgently; urges the national government to take stronger measures to ensure that all companies adhere to the minimum wage regulations and other labour protections, thereby safeguarding the rights and livelihoods of all workers; and calls on the national government to implement more rigorous and frequent inspections of companies, especially in the Western Cape, to ensure compliance with labour laws and to address violations promptly.

Agreed to.

23. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes and welcomes the recent decision by the Stellenbosch University Council to close the Wilgenhof residence and reimagine it as a new male residence that will align with modern values and compliance standards; further notes that the decision to close the Wilgenhof residence in its current format was a necessary and commendable step towards addressing and rectifying past issues related to unacceptable practices and initiation-like incidents; acknowledges the University's commitment to ensuring that the renewed residence will uphold and embody the principles of transparency, respect and inclusivity, including a decisive break with problematic customs, such as the Vleisfees and Nagligte, and a commitment to aligning it with the Department of Higher Education and Training's Policy on Minimum Norms and Standards for Student Housing at Public Universities; commends the Stellenbosch University's proactive approach in engaging with current Wilgenhof residents, student leaders and other stakeholders to shape the future of the residence; and supports the University's decision to consider proposals for the new name of the residence and to engage with relevant stakeholders regarding visual redress initiatives, as this approach demonstrates a commitment to acknowledging and addressing the legacy of the old residence while fostering a positive and inclusive environment moving forward.

Agreed to.

24. [17:10] The House discussed the following subject in the name of Mr B Petrus.

The Western Cape Constitution's lack of relevance in South Africa and how it undermines national unity and hampers efforts to achieve cohesive governance.

Debate concluded.

25. [18:28] The Hon Member R Windvogel, having disregarded the authority of the Chair when she refused to withdraw her remark was ordered to leave the House.

26. The House adjourned at 18:30.

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DONDERDAG, 19 SEPTEMBER 2024

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Speaker maak ŉ algemene aankondiging oor die logistieke reëlings vir die sitting wat plaasvind.

4. [14:18] Interpellasies.

5. [15:00] Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Die Voorstel is dus nie aangeneem nie.

6. [15:01] Vrae.

7. [16:02] Verklarings deur Lede.

8. [16:32] Reaksie op verklarings deur Lede deur me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand, Mnr R D Mackenzie, Minister van Kultuursake en Sport en me D M Baartman, Minister van Finansies.

9. [16:37] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

   Die Speaker doen ŉ aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

10. [16:38] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

11. Mnr D G Jacobs stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis opstaan ter eerbetoning ná die ontydige dood van die Kaapstadse en wêreldbekende musiekmaestro, Alvin Dyers, wat betreur word; kennis neem dat oom Alvin, soos hy alom bekend gestaan het, op Sondag 8 September in die ouderdom van 71 dood is; kennis neem dat jazzliefhebbers hom met liefde sal onthou, veral vir die wysies die Alvin Dyers-trio; kennis neem dat Suid-Afrika en Kaapstad ŉ ware seun van die heimat verloor het; en meegevoel betuig met die familie en vriende van hierdie jazz-ikoon.

    Goedgekeur.

12. Mnr G Brinkhuis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die struggle-ikoon, me Elizabeth van der Heyden, ook alom bekend as Ma Betty, aan die einde van Augustus 2024 in die ouderdom van 88 in haar Gleemoor-huis in Athlone dood is; verder kennis neem dat sy enkele dae voor haar 89e verjaardag in September dood is; verder kennis neem dat sy die enigste Suid-Afrikaanse vrou is wat ŉ volle 10-jaargevangenisstraf uitgedien het vir sameswering om die voormalige apartheidsregime omver te werp; erkenning gee dat sy ŉ lid van die New Unity Movement (NEUM) was wat later by die Yu Chi Chan Club en die National Liberation Front aangesluit het, wat betrokke was by guerrilla-oorlogvoering teen die apartheidsregime; verder erkenning gee dat sy nou met ander revolusionêre leiers, soos dr Neville Alexander, Frank van der Horst, Dorothy Alexander en Dulcie September, saamgewerk het; erkenning gee aan haar bydrae om Suid-Afrika van apartheid en kolonialisme te bevry; en meegevoel betuig met die Van der Heyden-familie.

Goedgekeur.

13. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis meegevoel betuig ná die dood van dr James Matthews; verder kennis neem dat dr Matthews ŉ wonderlik talentvolle en inspirerende digter en joernalis was wie se werk tydens apartheid die waarheid teenoor maghebbers verwoord het deur beide sy literêre werk en sterk anti-apartheidsaktivisme; kennis neem dat hy in Desember 2004 ŉ nasionale eerbewys, die Orde van Ikhamanga (Silwer), ontvang het vir sy uitstekende prestasies in letterkunde, wat bygedra het tot joernalistiek en sy inspirerende verbintenis tot die stryd vir ŉ nierassige Suid-Afrika; verder kennis neem dat dr Matthews talle ander toekennings gedurende sy leeftyd ontvang het, insluitende die Woza Afrika-toekenning in 1978, in 1979 verskyn hy op die Kwaza-erelys van die Black Arts Celebration in Chicago, en in 1982 het hy die vryheid van die dorpe Lehrte en Nienburg, Duitsland, ontvang; en beste wense aan Dr Matthews se familie en vriende gedurende hierdie moeilike tyd oordra.

Goedgekeur.

14. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Hoërlandbouskool Oakdale gelukwens met sy onlangse oorwinning in die Internasionale Toutrekfederasie se Wêreldkampioenskap in Mannheim, Duitsland; kennis neem dat die 560 kg-span, ten spyte van hewige teenstand van lande regoor die wêreld, sy derde agtereenvolgende wêreldtitel ingepalm het; en kennis neem van hierdie uitmuntende prestasie en die span gelukwens met sy puik vertoning op die wêreldverhoog.

Goedgekeur.

15. Mnr F C Christians stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis vooruitgang in tegnologie verwelkom en misdaad ten sterkste veroordeel; kennis neem dat voortdurende misdaad die gerief van kitsbanke verminder het; kennis neem dat die meeste OTM'e in winkelsentrums geleë is waar daar ŉ gevoel van sekuriteit is; kennis neem dat OTM-bedrog ŉ immerteenwoordige bedreiging is; kennis neem dat baie niksvermoedende slagoffers se rekeninge deur bedrieërs leeg getrek is (ek is seker dat almal van ons van iemand weet wat die slagoffer geword het van gewetenlose swendelaars en sommige mense word in winkelsentrums se parkeerterreine beroof van die onttrekking wat hulle by die OTM gemaak het); kennis neem dat transitorooftogte, veral van voertuie wat kitsbanke bedien, die vreesfaktor verhoog om kontant te onttrek; kennis neem dat sommige kliënte as gevolg hiervan kontant onttrek wanneer hulle by supermarkte inkopies doen; kennis neem dat bydraende faktore vir die afname in OTM-getalle sporadiese geweld en OTM-bomaanvalle is; kennis neem dat sommige banke nie kitsbanke vervang wat gebombardeer is nie; kennis

neem dat groot banke oor die afgelope vyf jaar OTM'e regoor die land gesluit het; kennis neem dat dit grootliks te wyte is aan ŉ verminderde aanvraag na kontant by transaksies; kennis neem dat die aantal OTM'e landwyd van 33 171 in 2019 tot 28 967 in 2023/24 afgeneem het; kennis neem dat Absa, wat die meeste kitsbanke in 2019 gehad het, byna 3 500 van sy kitsbanke gesluit het; kennis neem dat Standard Bank oor die afgelope vyf jaar sy kitsbanke van 9 321 tot 6 232 verminder het; kennis neem dat die sluiting van kitsbanke in ons land eksponensieel sal toeneem namate misdaad toeneem; kennis neem dat misdaad ons nasie beroof van die vrede wat ons God aan ons beloof het; en saam met alle eendersdenkende burgers bid dat misdaad uitgeroei sal word deur ons eensgesindheid teen misdaad.

Goedgekeur.

16. Me A Cassiem stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat op Dinsdag 17 September 2024 ŉ trein in die Paarl ontspoor het met tussen 300 en 400 passasiers waarvan 25 van daardie passasiers matige tot ernstige beserings opgedoen het; verder kennis neem dat sommige passasiers gekla het dat die trein tydens sy reis vanaf Kaapstad en na Wellington as bestemming ongewone harde geluide tussen sy waens gemaak het wat aandui dat iets nie pluis was nie; verder ŉ beroep op die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (Prasa) en Transnet doen om alle ou en verouderde geel treine uit sy vloot te verwyder en om seker te maak dat die spoorlyne te alle tye behoorlik onderhou word vir die veiligheid van ons mense; ŉ spoedige herstel toewens aan al die beseerde passasiers wat nog in verskeie hospitale aansterk, sowel as diegene wat ontslaan is; en ŉ beroep doen vir ŉ deeglike ondersoek na die oorsaak van die ongeluk, en dat die verantwoordelike persone verantwoordingspligtig gehou sal word.

Goedgekeur.

17. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die positiewe stappe wat gedoen word om ŉ kolonie Afrika-pikkewyne in die De Hoop-natuurreservaat te vestig; verder kennis neem dat die Afrika-pikkewyn ŉ bedreigde spesie is en dat die spesie ŉ ernstige bedreiging van uitsterwing in die gesig staar; kennis neem dat die Afrika-pikkewyn ŉ groot toeriste-aantreklikheid veral vir ekotoeriste is; en alle Suid-Afrikaanse natuurowerhede aanmoedig om pogings te prioritiseer om hierdie inheemse en skaars pikkewyne van uitwissing te red.

Goedgekeur.

18. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die ongeluk wat Dinsdag 17 September 2024 in Dal Josafat, Paarl, plaasgevind het toe ŉ pendeltrein ontspoor het, wat daartoe gelei het dat verskeie pendelaars beserings opgedoen het en ander in die treinwaens vasgekeer was; die nooddienste aanprys vir hul vinnige en doeltreffende reaksie, sowel as die toewyding van die gesondheidsorgwerkers by die Paarl-distrikshospitaal en ander mediese fasiliteite wat die beseerdes versorg het; opregte wense uitspreek vir die spoedige herstel aan alle geraakte pendelaars; en ŉ beroep op die Spoorwegveiligheidsreguleerder doen om ŉ deeglike ondersoek na die omstandighede wat tot hierdie ongeluk gelei het, uit te voer, met die hoofklem op die vasstel van die grondoorsake van die ongeluk om toekomstige gebeurtenisse te voorkom en om die veiligheid van alle treinpendelaars te verseker.

Goedgekeur.

19. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat ŉ goed gekoördineerde intelligensie-gedrewe operasie wat deur die SAPD-Maitland se blitspatrollie in samewerking met Provinsiale Misdaadintelligensie, die Veediefstaleenheid en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, uitgevoer is, op 12 September 2024 gelei het tot die beslaglegging op 3 281 eenhede droë perlemoen en 1 359 eenhede nat perlemoen, met ŉ gesamentlike beraamde straatwaarde van R1,4 miljoen, en die inhegtenisneming van vier verdagtes wat tussen 19 en 33 jaar oud is, in Schaapkraal, Philippi; waardering uitspreek vir die feit dat die suksesvolle beslaglegging op die perlemoen, tesame met die toerusting wat vir die verwerking daarvan gebruik word, asook op drie voertuie, die doeltreffende en toegewyde pogings van SAPD-lede in die bekamping van onwettige aktiwiteite aantoon; en hierdie inhegtenisnemings verwelkom en die SAPD aanprys vir hul ywerige werk en hul verbintenis om aandag te skenk aan onwettige praktyke in ons gemeenskappe en dit te ontwrig.

Goedgekeur.

20. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die onlangse toename in misdadige aktiwiteite in die Tafelberg- nasionale park ("Table Mountain National Park" of TMNP), insluitende rooftogte op staproetes, inbrake en diefstal uit voertuie, wat die park se reputasie negatief beïnvloed het en kommer oor openbare veiligheid laat ontstaan het; verder kennis neem dat die voorvalle van misdaad in 2023 en 2024 meer gereeld geword het, wat beide plaaslike besoekers en internasionale toeriste geraak het, en ŉ aansienlike risiko vir Kaapstad se wêreldbeeld as ŉ veilige en verwelkomende bestemming inhou; erkenning gee aan die noodsaaklike rol van die TMNP in die plaaslike ekonomie, met SANParke, die bestuursowerheid, wat jaarliks ongeveer R300 miljoen verdien uit parkaktiwiteite en -geleenthede, insluitende geleenthede soos die RMB Ultra-trail Cape Town wat vir 22 tot 24 November 2024 geskeduleer is, wat aansienlike ekonomiese voordele inhou, insluitende ŉ geraamde hupstoot van R50 miljoen vir die plaaslike ekonomie; en ŉ beroep op die provinsiale regering, die Stad Kaapstad en SANParke doen om onmiddellike en sigbare stappe te doen om aandag te skenk aan die toename in misdaad, om kommunikasie oor veiligheidsmaatreëls te verbeter en om die doeltreffende implementering van sekuriteitsverbeterings te verseker.

Goedgekeur.

21. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die besluit van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) om sanksies van ŉ "herstellende aard" teen die leerders in te stel wat betrokke was by die onlangse voorval by die Hoërskool Pinelands waar ŉ video aan die lig gekom het waar bruin leerders hul swart eweknieë as "slawe" "verkoop"; verder van hierdie benadering kennis neem en dit verwelkom, wat deelname aan werkwinkels, leerprogramme en gemeenskapsdiens insluit, met die doel om ŉ dieper begrip van die voorval se impak te bevorder en om persoonlike groei te bevorder; waardering uitspreek dat die sanksies deur die betrokke ouers en leerders ondersteun is, insluitende die slagoffers, en dat die skool ŉ verbintenis getoon het om nierassigheid en diversiteit te bevorder; die gebruik van herstellende geregtigheidsmaatreëls ondersteun as ŉ manier om aandag te skenk aan gevalle van rassewangedrag en dit reg te stel, en voortgesette pogings onderskryf om leerders op te voed oor die belangrikheid van respek en diversiteit; en die voortdurende dialoog en opvoeding in skole en gemeenskappe aanmoedig om toekomstige voorvalle van rassisme te voorkom en om ŉ kultuur van inklusiwiteit en begrip te bevorder.

Goedgekeur.

22. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die onlangse gesamentlike inspeksie-operasie verwelkom wat by die Babel Restaurant in Menlyn en Ocean Basket uitgevoer is, wat aan die lig gebring het dat beide ondernemings hul werkers meer as R1,3 miljoen aan onbetaalde lone skuld, asook die ernstige nienakoming van die Wet op die Nasionale Minimumloon ("National Minimum Wage Act") en ander indiensnemingsregulasies; die growwe oortredings van arbeidswette en die uitbuiting van werkers deur die Babel Restaurant en Ocean Basket ten sterkste veroordeel, insluitende die versuim om minimum lone te betaal, die nienakoming van WVF- en Vergoedingsfonds-regulasies, en uitbuitende indiensnemingspraktyke; die Direktoraat van Prioriteitsmisdaadondersoeke (die Valke), die Departement van Arbeid, die Departement van Binnelandse Sake en die Bedingingsraad aanprys vir hul beslissende optrede om hierdie oortredings te ontbloot en hul verbintenis om die oortredende werkgewers aanspreeklik te hou; terwyl erkenning gegee word aan Ocean Basket se openbare verklaring wat hierdie verslae weerlê, daarop aandring dat beide die Babel Restaurant en Ocean Basket gedwing word om onmiddellik alle uitstaande lone wat aan hul werkers verskuldig is, te betaal en om alle nienakomingskwessies reg te stel deur aan minimumloonwette en ander indiensnemingsregulasies te voldoen; alle Wes-Kaapse werkers wat onbillike arbeidspraktyke ervaar, aanmoedig om sulke voorvalle aan te meld en om na vore te kom en hierdie aangeleenthede by die naaste Departement van Arbeid en die ANC openbare verteenwoordigers aan te meld sodat hul klagtes ernstig beskou kan word en dringend aandag kan geniet; die nasionale regering aanmoedig om strenger maatreëls te tref om toe te sien dat alle maatskappye aan die minimumloonregulasies en ander arbeidsbeskerming voldoen, en sodoende die regte en lewensbestaan van alle werkers te beskerm; en ŉ beroep op die nasionale regering doen om strenger en gereelde inspeksies by maatskappye uit te voer, veral in die Wes-Kaap, ten einde die nakoming van arbeidswette te verseker en om oortredings stiptelik aan te spreek.

Goedgekeur.

23. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die onlangse besluit verwelkom van die Universiteit van Stellenbosch se Raad om die Wilgenhof-koshuis te sluit en dit te verbeeld as ŉ nuwe manskoshuis wat met moderne waardes en voldoeningstandaarde belyn sal wees; verder kennis neem dat die besluit om die Wilgenhof-koshuis in sy huidige formaat te sluit ŉ noodsaaklike en prysenswaardige stap is om aandag te skenk aan vorige kwessies wat met onaanvaarbare praktyke en ontgroeningsverwante voorvalle verband hou, en dit reg te stel; erkenning gee aan die Universiteit se verbintenis om toe te sien dat die vernuwe koshuis die beginsels van deursigtigheid, respek en inklusiwiteit sal handhaaf en beliggaam, insluitende ŉ beslissende breuk met problematiese gebruike, soos die Vleisfees en Nagligte, en ŉ verbintenis om dit te belyn met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se Beleid oor Minimum Norme en Standaarde vir Studentebehuising by Openbare Universiteite; die Universiteit Stellenbosch se proaktiewe benadering aanprys om met huidige Wilgenhof-inwoners, studenteleiers en ander belanghebbendes te skakel om die toekoms van die koshuis te vorm; en die Universiteit se besluit ondersteun om voorstelle vir die nuwe naam van die koshuis te oorweeg en om betrokke te raak met tersaaklike belanghebbendes oor visuele regstellingsinisiatiewe, aangesien hierdie benadering ŉ verbintenis toon om erkenning te gee aan die nalatenskap van die ou koshuis en daaraan aandag te skenk, terwyl ŉ positiewe en inklusiewe omgewing vir die toekoms bevorder word.

Goedgekeur.

24. [17:10] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb B Petrus:

Die Wes-Kaapse Grondwet se gebrek aan relevansie in Suid-Afrika en hoe dit nasionale eenheid ondermyn en pogings belemmer om samehangende regeringstoesig te bevorder.

Debat afgesluit.

25. [18:28] Die agbare lid R Windvogel, wat die gesag van die voorsitter verontagsaam het toe sy geweier het om haar opmerking terug te trek, is beveel om die Huis te verlaat.

26. Die Huis verdaag om 18:30.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement